

Les Plan Vyf

Bedreigings Vir Oorlewing

KRITIEKE UITKOMSTE

KU#1: Identifiseer en los probleme op met die antwoorde wat getuig van verantwoordelike besluitneming deurdat daar van kritiese en kreatiewe denke gebruik gemaak is.

KU#6: Maak effektief en krities gebruik van wetenskap en tegnologie en tree verantwoordelik op teenoor die omgewing en die gesondheid van ander.

KU#7: Demonstreer begrip vir die konsep dat die wêreld 'n reeks van verwante sisteme is deur die besef dat probleem oplossings nie in isolasie bestaan nie.

LEER UITKOMSTE

LU#3: Die leerder sal in staat wees om 'n verstandhouding te toon van die verhouding tussen wetenskap, tegnologie, die gemeenskap en die omgewing.

Sub-vaardighede:

Benutting van bronne.

Die impak van die mens op die natuur.

Etiese kwessies.

ASSESSERINGS STANDAARDE

Verstaan die impak van wetenskap en tegnologie: stel maniere voor om die negatiewe impak op die omgewing te verminder.

HOE OM DIE LES AAN TE BIED

Laat die studente die bedreigings vir die jagluiperd se oorlewing hersien van die vorige les wat op bladsy 21 gevind kan word.



AKTIVITEIT 1 - anatoliese herdershond rolspel

Vra vir 'n groepie vrywilligers uit die klas - 1 boer (manlike student), 1 jagluiperd (vroulike student speel die wyfie jagluiperd), 1 Anatoliese Herdershond ("groter" student as die jagluiperd) en ongeveer 6 skape (enige van die studente kan hiervoor gebruik word). Roep die skape eerste vorentoe en verduidelik aan hulle dat hulle die boer se kudde is. Elke keer as jy, die onderwyse, skaap sê moet hulle baa. Roep nou die boer. Hy werk lang ure elke dag; staan vroeg op en hou eers laat in die aand op met werk. Dit is nodig om sy familie te onderhou. Gedurende die lang dag vat hy 'n blaaskans om sy middagete te eet. Die boer staan nou aan die een kant van die klas om sy "middagete" te nuttig. Voordat hy op sy middagete gaan moet hy sy skape hardop tel.

Die volgende vrywilliger is een van die wyfie jagluiperds wat uitgaan om kos vir haar welpies te soek. Die laaste vrywilliger word na die kant van die klas geroep en waar niemand kan hoor nie, vertel dat hy/sy 'n vee-waghond is. Wanneer die jagluiperd naby die skape kom om kos te vind moet die vrywilliger hom/haarself tussen die skape en die jagluiperd gaan plaas en dan grom en blaf om die jagluiperd weg te jaag.



Met die skape almal in een hoek terwyl die hond hulle beskerm en die boer wat steeds besig is met sy middagete, kom die jagluiperd nader om kos te soek. In die verte is daar 'n springbok (voorgestel deur 'n student of 'n plakkaat), maar die skaap is nader en die jagluiperd is moeg en baie honger. Die jagluiperd benader die kudde, maar die hond kom te voorskyn en begin te blaf en jaag die jagluiperd weg.

Wanneer die " hond begin blaf" behoort die jagluiperd te skrik aangesien sy dit nie verwag het nie en sal van die kudde af weg beweeg. Jy kan haar nou vra of sy geskrik het en of sy weer die kudde sal benader of eerder prooi sal gaan soek wat nie deur 'n hond beskerm word nie. Bel nou die boer en vra hom of hy 'n goeie middagete gehad het en of hy enige skape verloor het - vra hom om die skape weer hardop te tel. Vra hom of hy gelukkig is met die hond en as hy geen skape verloor het nie of hy steeds sal uitgaan om 'n jagluiperd te skiet.

Inleidend vanaf die rolspeel, hou nou 'n bespreking oor hoe CCF die Anatoliese Herdershond gebruik om die jagluiperds op Namibiese plase te beskerm. Lei die leerders in 'n bespreking / "brainstorming" om ander maniere te identifiseer waarmee die jagluiperd in Namibië en Suid-Afrika beskerm kan word. Maak gebruik van die feite blad op bladsy 24-25 om idees te stimuleer as dit nodig is.



AKTIWITEIT 2 - idees vir die bewaring van die jagluiperd

Vra die leerders om 'n brief aan Cheetah Outreach te skryf waarin hulle van hulle idees vir jagluiperd bewaring weergee. Cheetah Outreach sal antwoord met 'n brief wat die ontvangs herken en waarin hulle bedank word vir hulle brief en die feit dat hulle die bewaring van jagluiperds ondersteun.

Studente kan hulle dan toewy aan individuele / klas aksie (brief aan regering, plakkaat, gedig, liedjie, fondsinsameling vir Cheetah Outreach ens.)

Jagluiperd seëls!!! Nadat die studente hulle individuele of klas aksie voltooi het, oorhandig aan elkeen 'n sertifikaat wat op bladsy 26 gevind kan word.



WAARDEBEPALING

Die waardebepaling vir aktiwiteit 2 kan deur die onderwyser bepaal word afhangende van die tipe aksie uitgevoer deur die leerders nl. brief aan regering, gedig, fondsinsameling ens.



BEWARINGS POGINGS – FEITE BLADSY



CHEETAH CONSERVATION FUND NAMIBIË

Namibië besit 'n kwart van die wêreld se jagluiperds wat dit die grootste bevolking van jagluiperds in die wêreld maak. As ons die spesie wil red is dit noodsaaklik om hierdie bevolking te red. 95% van Namibië se jagluiperds bly in gebiede waar hulle nie beskerm word nie; meestal verteenwoordig deur plase waar die jagluiperd in die verlede deur boere vervolgd is. Laurie Marker het die Cheetah Conservation Fund (CCF) in 1990 gestig met die doel om nou saam met boere te werk en sodoende 'n veilige habitat vir die jagluiperd te stig en hulle oorlewing te verseker.

Soos voorheen genoem, is die jagluiperd nie 'n natuurlike bedreiging vir vee nie as gevolg van sy aanpassings vir spoed en jag. Roofdiere wat gewoonlik in die nag jag is 'n bedreiging vir vee en behoort die blaam te kry vir vee verliese op plase.

Ongelukking sien die boere hulle nie altyd nie en is die roofdier wat gereeld gesien word, die jagluiperd, in die verlede geblameer. Een metode om die boer se probleem dus op te los is om 'n manier te vind om predasie op sy vee te verminder sonder om die roofdier dood te maak. Om dit uit te voer het CCF 'n program in 1998 onderneem - Nie Dodelike Roofdier Beheer - deur gebruik te maak van 'n vee-wag hond, die Anatoliese Herdershond. Die hond is vir meer as 5000 jaar in Turkye gebruik om vee te beskerm teen roofdiere soos bere en wolwe. Die honde is spesifiek geteel vir hierdie doel en hoef dus nie geleer te word nie. CCF teel die honde op hulle plaas waar hulle gestasioneer is en skenk die hondjies dan aan boere en instellings in Namibië om vee op te pas. Deur gebruik te maak van intimidasie tegnieke sal die groot hond roofdiere daarvan weerhou om vee aan te val en sal dus 'n vermindering in die vee verliese tot gevolg hê. Daar is gevolglik nie meer 'n rede om roofdiere op die plase te skiet nie.

CCF is ook betrokke by die hervestiging van jagluiperds vanaf plase waar hulle deur boere gevang is en waar die boere hulle nie op hulle plase wil hê nie. Alle jagluiperds deur CCF ontvang, ondergaan 'n mediese ondersoek en sal vrygelaat word op geskikte land as die dier gesond is. As daar bewys is dat die jagluiperd 'n bedreiging vir vee is sal dit in 'n wildspark of natuurreservaat vrygelaat word waar dit nie in kontak sal kom met enige vee nie.

CCF doen ook navorsing op gedrag, siektes, sterftes, grondgebied grootte ens. in die natuur. Hoe meer inligting ingewin kan word oor die jagluiperds in die natuur hoe meer bewarings programme kan ontwikkel word vir hulle beskerming. Hierdie inligting word gedeeltelik ingesamel vanaf individue wat toegerus is met radio senders en weer vrygelaat is. Hierdie diere kan dan gevolg word en hulle bewegings kan sodoende gemonitor word.

CCF maak ook gebruik van opvoedkundige programme vir skole, instellings, boere ens. waar hulle die algemene bevolking opvoed oor die natuur van die jagluiperd.

Hulle werk baie nou saam met die boere om hulle bestuurspraktyke te verbeter en sodoende hulle vee beter te beskerm. Laasgenoemde word vermag nie net deur die gebruik van die Anatoliese Herdershond nie, maar ook deur eenvoudige bestuurspraktyke soos om jong vee nader aan die opstal te hou tot op 'n ouderdom waar dit minder waarskynlik is dat hulle deur roofdiere as prooi gesien word.

[http:// www.cheetah.org](http://www.cheetah.org).



BEWARINGS POGINGS - FEITE BLADSY



CHEETAH OUTREACH SUID-AFRIKA (PROVINSIE WES-KAAP)

Cheetah Outreach is begin in 1996 as 'n fondsinsameling en bewusmaking program. Die fasiliteit is toeganklik aan die publiek om te besoek en om foto's te neem. Die wyer publiek word dus blootgestel aan opvoeding aangaande die noodroep van die jagluiperd. Die groep doen fondsinsameling wat aangewend word vir verskeie programme wat tot doel het om die beskerming van die jagluiperd te bevorder. Cheetah Outreach het ook 'n skool program tot stand gebring waar hulle gemiddeld drie skole elke week besoek in die Provinsie Wes-Kaap. Ongeveer 15 000 leerders word elke jaar op die manier bereik en ingelig oor die uniekheid van die jagluiperd, die bedreigings wat dit in die gesig staar en die moontlike bewarings oplossings. Cheetah Outreach se jagluiperds wat almal met die hand grootgemaak is, tree op as ambassadeurs vir hulle familie in die natuur om bewusmaking teweeg te bring.

[Http://www.cheetah.co.za.](http://www.cheetah.co.za)



DE WILDT TEELSENTRUM SUID-AFRIKA (NOORDELIKE PROVINSIE)

De Wildt is op die been gebring in 1971 om te dien as 'n teelfasiliteit vir die bedreigde jagluiperd. Afgesien van die klem op teling spits De Wildt hulle ook toe op die vrylating van jagluiperds in hulle natuurlike habitat sowel as die opvoeding van die publiek oor Suid-Afrika se flora en fauna. De Wildt word beskou as een van die vernaamste teelfasiliteite in die wêreld met 'n uiters suksesvolle teelprogram.

Doelstellings:

- Om skaars en bedreigde spesies te teel.
- Die ondersteuning van wetenskaplike ondersoeke aangaande alle aspekte van die spesie.
- Om publieke bewusmaking te bevorder in besonder onder die jonger geslag - aangaande die bewaring van wilde diere.
- Om 'n voortdurende rol te speel in bewarings biologie deur te help om voldoende gene van skaars en bedreigde spesies in stand te hou.
- Om fondse in te samel vir huidige en toekomstige teel projekte by die Sentrum.
- Indien uitvoerbaar, om bedreigde spesies te hervestig in gebiede waar hulle eens natuurlik voorgekom het.

[Http://www.dewildt.org.za.](http://www.dewildt.org.za)

